# CBMC Gebedsbrief

**12 Januarie 2026**

## KALENDER

<u>Januarie</u>

14 *Skole Open
15 *Inreik met Myan Subrayan – Somerset Wes
20 *CBMC Besigheidsforums Bekendstelling – Wellington
24 *CBMC Oriëntasie – Wellington

<u>September</u>

12 – 14 *CBMC Internasionale Konferensie - Dubai

## VERJAARDAE

<u>Januarie</u>

14 Danie Grobler (Noordkaap)
Godfrey Roziers (Helderberg)
16 Bengani Nyoni (Noordkaap)
Riaan van Zyl (Noordkaap)
17 Matie Booyens (Noordwes)
Louis van Wyk (Boland)
18 Trevor Pascoe(Suidelike Voorstede)




Hoeveel keer het jy die afgelope 2 weke die volgende gehoor? *"Gelukkige Nuwe Jaar, Geseënde Nuwe Jaar, Alles wat mooi is vir die Nuwe Jaar."*

Maar wat beteken dit, hier aan die begin van 2026, om hierdie woorde te sê en te hoor?

Wat is nuut? Wanneer word die *Nuwe Jaar* 'n realiteit?

Die waarheid is dat niks nuut kan wees as ons nog voortgaan met dit wat oud is nie.

In 2 Korintiërs 5:17 lees ons van die ou en nuwe mens: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."

Verder skryf Paulus in Filippense 3:13 dat hy hom los maak van wat agter hom is en uit strek na wat voor is.

2026 kan slegs vir jou NUUT wees as jy nuut begin, alles wat jou tot nou toe teruggehou het, die dinge van die ou lewe en die ou jaar agter jou los, en nuut begin. Indien nie, sal 2026 net nog 'n jaar wees en nie 'n NUWE jaar nie.

Wat is daar wat jy moet laat gaan en agter jou los? Wat is daar wat jy moet begin doen sodat hierdie jaar regtig ook vir jou 'n NUWE jaar kan wees? Dalk moet jy ernstig begin raak oor jou teikenmanne; dalk ernstig raak oor dissipelskap. Wat dit ook al mag wees, vra die Heilige Gees om dit vir jou te wys en jou daarin te lei.

Ons kan nie beter resultate verwag indien ons voortgaan met ons ou leefstyl en ou gewoontes nie.

Geseënde 2026 en geseënde NUWE Jaar vir elkeen.

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis, 1ste Verdieping
Bellville 7530

Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.

Snap here to pay
SnapScan